**Vriende van NALN**
September 4, 2019 ·
Leana Lategan, hoofvakkundige van NALN, se resensie van "Halley se komeet" deur Hannes Barnard:

“HALLEY SE KOMEET”, die debuutroman van Hannes Barnard, is ’n Bildungsroman wat jong Suid-Afrikaanse lesers (en sommer ook oueres) op ’n boeiende rit na die tagtigerjare se sosiale en politieke uitspansel sal neem. Afwagtend op daardie één helder moment van herkenning en verhelderende insig in gebeure wat vir ons almal op een of ander wyse bepalend was.
Pete de Lange is in standerd agt, en dus op daardie plek in die lewe waar min dinge eintlik sin maak of uitspeel soos jy dit voorsien. Om senior rugby te speel, is ’n voorvereiste as jy wil hê dat die mooiste meisies jou moet raaksien. Meisies soos Renate, “want sy is sonder twyfel die mooiste wese in die ganse skepping”. Op Dannhauser gebeur daar volgens Pete nie besonder opwindende dinge nie. Sy lewe verander dus soos handomkeer wanneer hy en Petrus tot die redding kom van Sarita, die Indiërmeisie wat in die kloue van die dorpsboelie Rudie beland.

Pete se verhaal, en sy moeisame poging om sin te maak uit veranderende situasies; ‘n vrees dat sy vriendskap met die swart seun Petrus op die lappe gaan kom, en die emosionele verwarring oor sy gevoelens vir Sarita, vorm die hooflyn van die roman se intrige. Maar daar is ’n belangrike paralelle gegewe: Sarita se pa, die gerespekteerde winkeleienaar van die dorp, lei ’n geheime lewe waarin politiese vergelding en persoonlike ambisie die dryfveer is. Om die situasie verder te kompliseer, het die drie jongmense ’n hegte vriendskap gesmee, want moes hulle dan nie noodgedwonge saamwerk om die siedende en irrasionele wraak en vervolging van Rudie Rutger te ontduik nie?

Teen die agtergrond van die verwagte verskyning van Halley se komeet en die opwinding wat daarmee saamgaan, ontdek die kinders algaande dat daar kleinner aanpassings moontlik is, en dat dit weer tot groter, meer ingrypende verandering kan lei. Die lewe bestaan inderdaad nie slegs uit die helder waarneembare hoogtepunt-oomblikke nie, maar word gekenmerk deur elke dag se klein en soms byna onverwagse insigte en uitreik na mekaar toe. Pete, Petrus en Sarita is aldrie op een of ander wyse outsider-figure, maar hulle het die vangnet van familie en vriende, en hulle gesinne: Pete se oupa en sy pa, en ook sy ouers se mooi huwelik; Sarita se pa wat alles feil het vir sy dogter (maar ’n dom besluit en die reg in eie hand neem); en Petrus wie se werkgewer hom uiteindelik gaan help om matriek te skryf.

Ouer lesers sal aan minder aangename dinge soos ondeurdagte ingrype van die veiligheidspolisie herinner word, en aan tye toe woorde soos kafferboetie en koelie gesprekke kon tipeer. Daar is ook verpligte diensplig en safaripak-uitrustings, Ivan Lendl en Kevin Curren. Gebeure in die teks daag sosiale en politieke strukture uit, en ook gesag en etiese kodes. Dit word egter nie op ’n patroniserende wyse gedoen nie, en is fiksioneel netjies hanteer. Juis om hierdie rede is dit ’n roman wat jeuglesers sal kan geniet. Die býtrek van rugby, en die besonder belangrike rol wat sport in ons lewe speel, is ’n interessante stuk gereedskap om verder dimensie aan die karakters se optrede en sosiale verkeer te verleen.

Hannes Barnard verdien dat hierdie roman gelees en aanbeveel sal word. Dit is ook terselfdertyd ’n teks wat onder die druknaam “Wenkbrou” hóórt.
4/9/2019 Bloemfontein bekendstelling: Halley se komeet Wenkbrou/Eyebrow